

Drie puik musici vorm sterk eenheid met Bach

'n Musiekstuk, gedig, skildery – enige nuutgeskepte werk – het elk sy eie storie te vertel, al sê die mense daar's niks nuuts onder die son nie. In Stefano Cannetta se aantekeninge in die CD-boekie wat *J.S. Bach Trio-sonates* vergesel, gee hy heerlike inligting deur oor die BWV 1079-sonate van 1745.

Dié sonate behoort tot die groep *L'offerta musicale* (musikale offerande), “só genoem omdat dit opgedra (geoffer) is aan keiser Frederick II van Pruise, 'n musiek-liefhebber en voortreflike fluitspeler”. Met een van Bach se besoeke aan die hof van Frederick II is die komponis versoek om op 'n fluitmelodie wat die keiser voorgespeel het te improviseer. Die ge-

niale Bach het nie net onmiddellik spontaan en onder luide applous geïmproviseer nie, maar toe hy later alleen was, het hy 'n volledige werk op daardie tema gegrond. Hy het dit as 'n “musikale offerande op 'n koninklike tema” aangedui en dit na die koning gestuur.

Volgens Cannetta is dié trio-sonate, BWV1079, een van die langste en mees uitgebreide werke van Bach saam met sy *Arte della fuga* “in sy briljante ontwikkeling gegrond op een enkele tema (in dié geval die koninklike melodie)”.

Die trio-sonates is opgeneem in die San Martino-kerk van die Palazzo Pignano en onlangs uitgereik deur 'n trio van besondere gehalte, met die Potchefstroomse violis Piet

Koornhof op die koop toe. Dié betrokke sonates is nie vir twee fluite en continuo nie, maar vir fluit, viool en klavier. Die ander twee musici is Italianers – die fluitspeler Raffaele Trevisani wat reeds 'n lang verbintenis met Suid-Afrika en veral Potchefstroom het, en die pianis Paola Girardi, 'n student van die befaamde Maria Tipo.

Die uitvoerings is voortreflik. Hier is intieme kennis van die kleinkuns: Die drie taamlik uiteenlopende timbres van die instrumente word hier ongelooflik heg gebind, op 'n vloeiend ontspanne manier. Elkeen is iets besonder.

■ **BACH, J.S.: *Trio-sonatas*. Raffaele Trevisani (fluit), Piet Koornhof**



(viool) en Paola Girardi (klavier) met Bach se trio-sonates – BWV1038, BWV1039, BWV1079, BWV1079, BWV1032 en Canon Perpetuus, BWV1079 no. 9. Delos DE 3391.
Foto: M.J. MARAIS

komponis Jake Heggie se ontstellende opera *Dead Man Walking* kry Kaapstad-première

☎ 011 713 9707

Die Beeld Plus 1 Okt 2009